# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**08 FEBRUARIE 2026 Nr 06**

**Predikant:** *Ds Kobus Botha*
051 436 2930/082 410 7447
**Orrelis:** *Louri Coetzee*
083 776 6989
**Diakonie:** Voorsitter: *Muller Heyns*
072 469 7778
**Susters:** Voorsitter: *Ester Botha*
072 784 9451
**Katkisasie:** *Karien van Rooyen*
079 888 8910
**Lesotho Uitreik/ Evangelisasie:** *Kerkkantoor*
082 570 1804

**Skriba/ Koster:** *Pieter du Plessis*
082 570 1804
**Kerkkantoor:** Telefoonnommer: 051 436 2932
**Kantoorure:** Per afspraak
**Posadres:** Posbus 28182, DANHOF 9310
**E-posadres** kantoor@gkbfnnoord.co.za
**Webwerf:** www.gkbfnnoord.co.za
**Facebook:** https://web.facebook.com/gkbfnnoord
**Kassier:** *Mariza Mosca*
082 405 8565
**Bank Kerk:** ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065
**Bank Diakonie:** ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026
**Zapper-kode vir kerklike bydraes:**

## VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | |
|---|---|
| 08 Feb: Sr Amori Olivier | 082 556 8475 |
| 08 Feb: Sr Hettie Vorster | 083 764 3518 |
| 08 Feb: Sr Micarla du Plessis | 072 918 0444 |
| 09 Feb: Sr Christien Meyer | 066 222 4420 |
| 10 Feb: Sr Daleen Fourie | 072 976 9252 |
| 11 Feb: Willem du Plessis | 082 440 9452 |
| 12 Feb: Br Jan Schutte | 082 578 5602 |
| 12 Feb: Oudl Mourie van der Bijl | 082 924 8561 |
| 12 Feb: Br Willie Viljoen | 079 378 1319 |
| 13 Feb: Br André van der Merwe | 072 728 4902 |
| 13 Feb: Sr Charmoné Griesel | 079 885 9000 |
| 13 Feb: Br Peter Smith | 079 129 6090 |
| 13 Feb: Sr Wilma Albertse | 078 378 3241 |
| 14 Feb: Sr Bambi Bonthuys | 074 453 7347 |
| 14 Feb: Sr René Kruger | 082 339 1839 |

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Dankbaarheidsfonds.*** Hierdie fonds is in 2009 (toe ons kerk 150 jaar oud was) in die lewe geroep. Van daar af word daar jaarliks op die Sondag naaste aan die stigtingsdatum (11 Februarie 1859) 'n spesiale deurkollekte gehou. Die doel van hierdie fonds is om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke tot nou toe bewaar het! Die opbrengs word as 'n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaatsversorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou.

## TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Paul Rouxstraat*** en ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Pentagonpark*** aan die beurt kom. Sien ook die volgende berig.

## TEEBEDIENING OP 15 FEBRUARIE 2026

Die teebediening op DV 15 Februarie 2026 word deur wyk ***Pentagonpark*** hanteer. Die wyksouderling en sy vrou, ***oudl Cornél en sr Nicolé Pieters***, wil die gemeente bederf deur iets spesiaals aan te bied. Hulle wil graag al die lidmate in die wyk hierby betrek asook enige ander lidmaat wat gewillig is om hulp te verleen. Diegene wat hiermee wil help, is welkom om vir sr Nicolé te kontak by 082 780 6588.

## SUSTERS SE JAARLIKSE BYDRAE

Al die susters in ons gemeente word herinner aan hulle vrywillige jaarlikse bydrae wat ***R200*** beloop. Alhoewel dit in die kassie in die voorportaal geplaas kan word, word 'n elektroniese betaling in die Susters se bankrekening verkies. Die besonderhede is:
*Geref Sustershulpdiens, Absa, rekeningnommer 470 341 769, takkode 632005*. In beide gevalle is die duidelike vermelding van u naam noodsaaklik. Die Sustersbestuur benodig voortdurend fondse vir verskeie funksies waaronder die Gemeente-etes na Nagmaal, teebediening by begrafnisse, belydenisaflegging en Kerssang-diens. Verder word dit ook aangewend om die kombuisware aan te vul en nuwe aankope te doen. Baie dankie vir almal se begrip en samewerking.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroepe ontvang*:
- Ds PF (Peter) Venter van GK Hoëveld na GK Odendaalsrus.

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

***Pitkos***

*Psalm 91 vers 2: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou"*

God se kinders sal altyd veilig wees by Hom. Hy sal ons bewaar en beskerm, ongeag wat in die wêreld gebeur of waar ons onsself bevind. Vertrou op God, Hy is almagtig.

## LIDMAATREGISTER

Met attestasie het oorgekom vanaf die Gereformeerde Kerk Bfn-Suid: ***Br Hannes en sr Rina Pretorius*** en twee dooplidmate ***Pieter en Elri Pretorius.*** Hulle is woonagtig te Van Andelstraat 5 in die wyk *Paul Rouxstraat* en ons heet hulle hartlik welkom in ons gemeente!

## INSAMELING VAN PLASTIEK PROPPIES

***Sr Machteld du Plessis*** is die koördineerder van hierdie projek wat ten doel het om fondse in te samel vir *Lettie Fouché Skool*. Vir enige navrae kan sr Machteld by 073 251 9286 gekontak word.

## ONS DINK AAN…

- ***Br Cornel Strydom*** van Frans Rumpffstraat 28 wat 'n knievervangingsoperasie in Rosepark ondergaan het. Ons dra hom en ***sr Elmarie*** aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader op en vertrou dat die operasie 'n sukses was.
- ***Br Frik en sr Sinta van Sittert*** van Constantiapark 40. Br Frik het 'n prosedure aan sy rug ondergaan en sterk tuis aan.
- ***Br Martin en sr Antoinette Coetzee*** van Jan Marxstraat 25. Br Martin is in Stirling Hospitaal opgeneem vir mediese toetse.

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE EERSTE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***15 Februarie*** | Breë Kerkraadsvergadering |
| Sondag ***08 Maart*** | Voorbereidingsdiens<br>Ouderlinge en Diakonie vergader<br>Katkisasie vir Laerskoolkinders sluit af |
| Woensdag ***11 Maart*** | Katkisasie vir Gr 9&10 en Belydenisklas sluit af |
| Sondag ***15 Maart*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Saterdag ***21 Maart*** | Menseregtedag |
| Sondag ***22 Maart*** | Nabetragtingsdiens |
| Vrydag ***27 Maart*** | Skole sluit |

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Lukas 9:57-62
Teks : Lukas 9:57-62
Sang : Lb 151:1,2
: Ps 149:1,2,4
: Ps 119:62,63
: Ps 36:2
: Sb 12-6:1,2,3,4,5

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die geloof kom dus deur die
prediking wat 'n mens hoor,
en die prediking wat ons hoor,
is die verkondiging van Christus.
Romeine 10:17

# DIAKONIE HELP MET *VERVOER*

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

# KLERE DONASIES

**Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.**

BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

**Enige navrae:**
**Elize Heyns 082 868 1620**










Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum







https://forms.gle/vYe33tgCNbjA1ekc6




Bestel by: Petro of Angie

Administratiewe Buro – bestellings@gksa.co.za

Tel: 018 297 3986

Pryse sluit BTW in [Koerierdienste uitgesluit]

| | | |
|---|---|---|
| Die noodkreet van jongmense wat hulself sny | Wentzel Coetzer | R60 |
| Eva het haar toonnaels rooi geverf | Amanda du Plessis | R70 |
| Karaktervorming by kinders en die verantwoordelikheid van rolspelers daarby | Dr. Fazel E Freeks | R70 |
| Kinders moet beskerm word | Stella Potgieter | R90 |
| Kleinode vir vroue | Amanda du Plessis | R70 |
| Nóg kleinode vir vroue | Amanda du Plessis | R70 |
| U is 'n God wat my sien | Francois Viljoen | R50 |